OEFENING VAN DIE WEEK:	Besoek die webblad Rhythm of life http://www.rhythmoflife.co.za/dissipelvorming-navorsing en vul die Ritme ondersoekvorm (oudit) in. Skryf in jou joernaal die vrae neer wat die meeste met jou praat. Skryf 'n gebed in jou joernaal oor jou begeerte vir die 10 weke avontuur.

Dissipelskap avonture - WEEKLIKSE GROEPSRITME
Sessie 1 van 10: Die avontuur begin

I. Die fasiliteerder vir hierdie week vra die groep om die opening hardop saam te lees.

I. OPENING

Tydens hierdie leerervaring vergader ons om saam te onderskei en eksperimenteer wat dit beteken om as missionale dissipels gevorm en gestuur te word. God roep, versamel, vorm en stuur ons om deel te neem aan die avonture van die koninkryk. Ons glo elkeen in die groep het iets om by te dra, en dat die Heilige Gees reeds besig is met elke persoon. Hierdie is 'n spasie om te treur saam met die wat treur, en blydskap te deel met die wat blydskap ervaar. Ons glo ons rol is om opreg te luister, oop vrae te vra en mekaar te ondersteun en aan te moedig. Ons is toegewyd om aktief aan hierdie leerervaring deel te neem.

II. Nooi die groep om die volgende gebed elkeen hardop te bid (gee die keuse om te "skip"). Na die laaste persoon gebid het, gee die fasiliteerder twee minute se stilte.

II. WORD TEN VOLLE TEENWOORDIG

Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid (een vir een hardop):

Here, U roep ons met die uitnodiging "Kom na My toe", vorm my en stuur my.

Na die hardop gebed, bid vir twee minute in stilte.

*III. Nooi die groep om hulself aan mekaar voor te stel en **slegs een** van die volgende vrae te beantwoord.*

III. ONS LUISTER NA MEKAAR

Wat is die grootste avontuur waarop jy al gegaan het? Is jy iemand wat dit geniet om op 'n avontuur te gaan? Wat is jou idee van 'n avontuur? Hoe berei jy jouself voor vir avonture?

IV. Die fasiliteerder lees weer die openingswoorde se verwysing na die spasie. Praat oor die "container" en die beginsels van "how we gather matters".

IV. "HOW WE GATHER MATTERS"

Watter deel van die how we gather matters is vir jou die moeilikste?

OEFENING VAN DIE WEEK:

Besoek die webblad Rhythm of life http://www.rhythmoflife.co.za/dissipelvorming-navorsing en vul die Ritme ondersoekvorm (oudit) in. Skryf in jou joernaal die vrae neer wat die meeste met jou praat. Skryf 'n gebed in jou joernaal oor jou begeerte vir die 10 weke avontuur.

V. ONS LEES EN LUISTER SAAM (Wandel in die Woord)

V. Die fasiliteerder lees die skrifgedeelte hardop in Afrikaans, laat 'n rukkie stilte toe na die voorlesing. Die groep lees dan die Message vertaling hardop saam. Breek die groep op in pare om te wandel in die Woord. Na 5 minute deel die groep wat hulle by hul vriendelike vreemdelik gehoor het in die groot groep.

Skrifgedeelte: *Matteus 11:28-30*

"Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly." - *Message translation*

Watter gedeelte(s) staan vir jou uit? Watter gedeelte bemoedig jou? Watter gedeelte ontstel jou? Watter vrae het jy oor hierdie gedeelte?

VI. RITME VRAE

VI. Die fasiliteerder lees die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op watter een van die vrae hy/sy wil reageer. Die groep oefen om na mekaar te luister.

Met watter gesigsuitdrukking nooi Jesus ons in hierdie teks? Hoe kom jy tans na Jesus toe? Wat leer jy tans by Jesus? Hoe sou jy die huidige ritmes van jou lewe beskryf? Lewe jy tans lig of is jy uitgeput en oorlaai?

VII. ONS KYK VORENTOE

*VII. Die fasiliteerder lees weer die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op **watter een van die vrae** hy/sy wil reageer. Vra die groep om notas te maak oor hul mede groepslede se antwoorde sodat hul ondersteuning in die week kan gee.*

Wat het uitgestaan vir jou van die gesprek? Het jy tot enige ander insig gekom? Is daar enige ondersteuning wat jy benodig van die ander groepslede?

VIII. OEFENING EN SEËN GEBED

VIII. *Die fasiliteerder verduidelik die Oefening bo aan die bladsy en sluit daarna af met die seëngebed.*

Mag ons in hierdie volgende 10 weke saam, Jesus se uitnodiging om na God te nader en te leer opnuut in ons lewens ervaar. Mag ons God se sturende en vormde teenwoordigheid beleef in ons elke dag lewens. In die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.